Literêre opstel

Krismis van Map Jacobs
Invloed van milieu op keuses

’n Moontlike wyse om die vraag te beplan en skryf



Vereistes van ’n opstelvraag

- Word ALTYD in paragrawe geskryf – in volsinne. ***NOOIT*** puntsgewys nie.
- Moet ***nooit*** die storie vertel nie – in jou antwoord moet jy insig toon en bewys kan lewer dat jy die boek gelees het.
- Lewer bewys at jy die verhaal goed ken.
- Die gebruik van korrekte feite is onontbeerlik.
- Inhoud moet korrek weergegee word.
- Gebruik die karakters se korrekte name.
- Gee aandag aan jou taalgebruik.
- Druk jou gedagtes in keurige, korrekte taal uit.

Breinkaart

- Lees die opstelvraag deeglik.
- Vra jouself af wat die vraag vereis:
  - Waaroor gaan die onderwerp?
  - Hoe moet ek my kennis daarvoor inspan?
- Sleutelwoorde van die vraag:
  - Aanwysend: dui aan wat gedoen moet word, bv. beskryf/vergelyk/beoordeel/ens.
  - Kennis: inhoud van die vraag
  - Beperking: hoe word jou antwoord beperk?

Struktuur van vraag

- Inleidingsparagraaf
- Verskillende paragrawe met elkeen sy eie tema/deel as deel van die antwoord
- Slotparagraaf

PVI

... want/omdat ... bv. ...

Punt	Verduidelik	Illustreer (bv.)
Van identiteit ontneem/vasgevang in omstandighede	Verpligte verskuiwing na milieu met min infrastruktuur	Bl. 31: *Skullag en vuil en vieslik! Here, kan jy die merke sien, al die merke wat ek my laat merk het ... 'Cause ek wil somewhere ge-belong het? Kan jy sien die merke? (Hy praat nou met God.) Kan jy sien die tattoos, al die merke? (Sy stem raak 'n oomblik weg. Huil hy?) 'it was 'n terrible gesoek seker, vir 'n* identity,

Map het sy identiteit in bendes gekry **omdat** daar vir hom geen ander uitweg/werk was nie, **bv.** hy sê dat hy somewhere wou belong het.

Ek gebruik PVI in plaas van PIV aangesien my leerlinge die bewys aan die einde meer logies vind.

Die milieu waarin Map Jacobs homself bevind, het ’n invloed op keuses wat hy uitoefen en hierdie keuses kontrasteer met dié van Cavernelis, Blanchie en Tommy.

Bespreek dié stelling in ’n opstel van 400 – 450 woorde en beoordeel ook die keuses wat Map/Johnnie uitoefen.

Waaroor handel die vraag?
milieu + keuses

Beperking van antwoord:
Milieu van Map Jacobs - invloed op keuses
Kontrasteer: Cav., Blanchie, Tommy
Beoordeel Map se keuses

Aanwysend (gewoonlik ww’e):
Bespreek
Kontrasteer
Beoordeel

Breinkaart (en die verskillende paragrawe)

Die milieu waarin Map Jacobs homself bevind, het ’n invloed op keuses wat hy uitoefen en hierdie keuses kontrasteer met dié van Cavernelis, Blanchie en Tommy.

Bespreek dié stelling in ’n opstel van 400 – 450 woorde en beoordeel ook die keuses wat Map/Johnnie uitoefen.

Inleiding

In watter milieu bevind Map hom?

Watter keuses oefen hy in hierdie milieu uit?

Kontrasteer sy keuses met Cavernelis, Blanchie en Tommy

Beoordeel die keuses wat Map uitoefen

Slotparagraaf

Breinkaart


Nie minder as 15 PVI in totaal?
Inleiding
Parafraseer vraag
In watter milieu bevind Map hom?
Minstens 1 PVI
Watter keuses oefen hy in hierdie milieu uit?
Minstens 1 PVI
Kontrasteer sy keuses met Cavernelis, Blanchie en Tommy
Map – Cavernelis:minstens 1 PVI
Map – Blanchie :minstens 1 PVI
Map – Tommy: minstens 1 PVI
Beoordeel die keuses wat Map uitoefen
Minstens 1 beoordeling (PVI): Goed omdat …/swak omdat …
Slotparagraaf
Parafraseer vraag as antwoord

Slot

Inleiding

Beoordeel Map se keuses

P: Map se besluit om hom aan die polisie oor te gee, was ’n **goeie** besluit.

V: Map neem verantwoordelikheid vir sy dade

I: Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat

Milieu

P: Kaapse Vlakte

V: uitsiglose bestaan

I: *goeie werk 'it was alles vir whites only* .

Keuses v. Map – Cavernelis

C werk hard om sy gesin te bevoordeel – hy doen 2 werke – poloniefabriek + soft goods

M se bende benadeel Antie G + KM – word verkrag en vermoor – M gee toestemming

Keuses v. Map – Blanchie

B prostituut – geld en beter lewe – Lonely Hearts

M bendelid – aanvaarding + identiteit

Keuses v. Map – Tommy

T eerbaar –snuisterye

M – oneerlik - bendelid

Keuses in milieu

P: Map kies om verantwoordelikheid vir sy dade te neem

V: Ivan Philander – gee homself aan polisie oor

I : *Toe hou ek my hande yt, vi' die boeie ...*